GEBED OM GEDAGTEBEHEER

Deurgrond my, o God, deurgrond my hart, ondersoek my, sien tog my onrus raak. Kyk of ek nie op die verkeerde pad is nie en lei my op die beproefde pad! (Ps.139:24). Help my asseblief om in beheer te wees van my gedagtes. Veral wanneer mense my ontstel of teleurstel, seermaak, in die steek laat of in die rug steek of wanneer ek versoek word, veral versoek word om my te bekommer of om oor ander sleg te praat. U sê in U Woord ons moet elke gedagte gevange neem tot gehoorsaamheid aan U (2Kor.10:5), ons moet ons gedagtes rig op die dinge wat daarbo is (Kol.3:2), ons moet versigtig wees met wat ons dink (Spr.4:23), ons moet U toelaat om ons gedagtes te vernuwe (Rm.12:2), ons moet net mooi dinge bedink (Fil.4:8) en ons moet U Woord dag en nag oordink (Ps.1:1-2). Here, dit is nie so eenvoudig nie. Dis moeilike goed hierdie. Ek vra weer Here, help my om beheer te vat van my gedagtes. As ek dit regkry, sal ek myself beskerm teen sonde en teen die emosionele ‘ups’ en ‘downs’ wat ek so dikwels deurgaan. Dit sal my beskerm teen die selfbejammering ‘road trips’ waarop ek myself so dikwels neem, en dan eindig ek gewoonlik in ‘n gat van depressie. En dit alles, net omdat ek nie beheer geneem het van my gedagtes toe slegte, onaangename of onregverdige goed met my gebeur het nie of toe ek in versoeking gekom het nie. Dis ook makliker gesê as gedoen Here. Want ek weet nie hoe om dit te doen nie, maar leer my om dit te doen, asseblief Here. Ek wil graag leer om dit te doen. Mag wat ek sê en wat ek dink tog vir U aanneemlik wees, Here, my Rots en my Verlosser (Ps.19:15). Ek vra dit in die Naam van Jesus Christus. AMEN

The most powerful being on earth is God. The second most powerful thing, is our thoughts. And that is not in God’s control. He gave control over our thoughts, to us. Your life is always moving in the direction of your strongest thoughts. Wanneer ons gebore word, lyk ons soos ons ouers. Wanneer ons aan die einde van ons lewens kom, lyk ons soos ons keuses. En dit alles word bepaal deur ons gedagtes.

366 POSITIEWE STORIES Welly du Toit

# STORIEDAGBOEK(1)



Hierdie STORIEDAGBOEK bevat 366 stories van positiwiteit. Dit sal jou help om elke dag te begin met ‘n meer positiewe uitkyk op die lewe. Ongeag jou omstandighede, kan jy elke dag kies om gelukkig te wees. Maar om gelukkig te wees, moet jy beheer neem oor jou gedagtes. Jy moet elke dag opstaan en ‘n keuse uitoefen: ongeag watter kaart die lewe jou vandag gaan deel, kies om gelukkig te wees. No one is in charge of your happiness accept you. The hardest person to make happy is the person you see in the mirror every morning. The world will not devote itstelf to make you happy. Happiness comes from inside.

Welly du Toit

*"Jesus het hulle baie dinge van God en sy nuwe wêreld geleer deur vir hulle **stories** met 'n les in te vertel. Later, … het Jesus se twaalf getrouste volgelinge Hom uitgevra oor die **stories** wat Hy vertel **om hulle te leer**. Jesus het hulle so geantwoord: "As julle mooi na die **stories** luister, sal julle baie oor die **geheime van God** se heerskappy in die wêreld leer. Julle gaan dinge hoor wat julle nog nooit oor God se nuwe wêreld gehoor het nie. Julle wat My ken, sal die **stories** reg **verstaan**, maar vir die mense wat die **stories** nie in die lig van my boodskap wil verstaan nie, sal alles net blote **stories** bly. Die gevolg is dat die **stories** vir hulle maar net **stories** sal wees. Hulle sal die **stories** hoor, maar nie 'n woord **verstaan** wat aangaan nie. As hulle iets **verstaan** het, sou hulle na God toe teruggedraai het en Hy sou hulle alles vergewe het wat hulle verkeerd gedoen het" Mk.4:2,10-12. (Die Boodskap)*